higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

21 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 D
1.3 D
1.4 A
1.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Onwaar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 B
3.2 H
3.3 L
3.4 I
3.5 C
3.6 M
3.7 E
3.8 D
3.9 P
3.10 K

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Koolhidrate
4.2 Senuweestelsel
4.3 DNS
4.4 Nuwe selle
4.5 Rooibloedselle

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Aantekening aan die nasiener: Enige DRIE van die volgende:

Die gebruik van geweld

Dit beteken dat die gebruik van geweld deur die polisie formeel goedgekeur moet word. Gevolglik, indien die reg nie die geweld bekragtig wat deur die polisie gebruik word nie, is daardie gebruik van geweld onwettig. Dit beteken dat dit vir ’n polisiebeampte moontlik is om die wet te oortree.

Polisiebeamptes word nie toegelaat om geweld te gebruik as hulle die situasie daarsonder kan oplos nie. Byvoorbeeld, die polisie behoort nie vuurwapens te gebruik as hulle ’n persoon in hegtenis neem vir winkeldiefstal wat ongewapen is nie. Daardie persoon kan nie op die polisie skiet nie. Al wat hulle dus moet doen, is om die persoon te boei. (Enige 1 × 3) (3)

5.2 Aantekening aan die nasiener: Enige DRIE van die volgende:

- Wetgewing
- Oorsigmeganismes soos menseregtekommissies
- Ombudsmanne
- Onafhanklike klagteburo’s
- Parlement
- Staat
- Die regsprekende gesag
- Interne meganismes in die polisie
- Die media
- Vakbonde
- Die algemene publiek (Enige 3 × 1) (3)

5.3 Aantekening aan die nasiener: Enige DRIE van die volgende:

Etiek in polisiëring behels die volgende aspekte:

- Hantering van dit wat goed en sleg is in polisiëring
- Die morele plig en verpligtinge van polisiebeamptes
- ’n Stel morele beginsels of waardes waaroor polisiebeamptes moet beskik
- Die beginsels van gedrag waaraan ’n individuele polisiebeampte en ’n groep polisiebeamptes onderhewig is
- Die studie van die algemene aard van morele waardes en van spesifieke morele keuses in polisiëring
- Die reëls of standaarde wat die gedrag van lede van die professie bestuur/rig
- Die morele gehalte van ’n handelswyse (Enige 3 × 1) (3)

5.4 Aantekening aan die nasiener: Enige DRIE van die volgende:

Die Verenigde Nasies se Gedragskode vir Wetstoepassingsbeamptes (CCLEO).

- Artikel 1: Die polisie sal altyd die plig nakom wat deur die reg aan hulle opgelê word. Dit sluit alle mense in wat polisiebevoegdhede uitoefen, veral die arrestasie- of aanhoudingsbevoegdhede.
- Artikel 2: Die polisie moet menswaardigheid respekteer en beskerm en die menseregte van alle mense handhaaf en verdedig.
- Artikel 3: Die gebruik van geweld deur polisiebeamptes word beperk tot situasies waar dit absoluut noodsaaklik is, en dan slegs in die mate waarin dit vir die uitvoering van hul plig vereis word.
- Artikel 4: Sake van ’n vertroulike aard waarvan polisiebeamptes kennis dra, moet vertroulik gehou word, tensy die uitvoering van plig of die behoeftes van geregtigheid anders vereis.
- Artikel 5: Marteling, of enige ander vorm van wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf word verbied.
- Artikel 6: Die gesondheid van persone wat van hul vryheid beroof word, moet beskerm word en mediese sorg moet voorsien word, indien nodig.
- Artikel 7: Polisiebeamptes word verbied om enige korrupte handeling uit te voer en daar word van hulle verwag om sodanige handeling streng teen te staan en te bestry.
- Artikel 8: Polisiebeamptes word aangemoedig om die reg en die Kode te respekteer, om enige skendings van die reg en die Kode teen te staan, en skendings by hul meerderes of ander toepaslike owerhede aan te meld.

Die oorvleuelende faktor tussen die twee konsepte is die behoefte om by die wortel van gemeenskapsprobleme uit te kom en geskikte oplossings te vind (as alternatiewe om wetstoepassing te vereenvoudig). (Enige 3 × 1) (3)

5.5 Aantekening aan die nasiener: TWEE punte vir voordele en TWEE punte vir nadele. Maksimum van VIER punte

Voordele van indiensopleiding

Enige TWEE van die volgende:

- Polisiebeamptes sal vertroue ontwikkel as hulle begelei word deur die werklike werk wat hulle uiteindelik sonder leiding sal doen.
- Polisiebeamptes is produktief, aangesien hulle inderwaarheid werk terwyl hulle opgelei word.
- Indiensopleiding is kostedoeltreffend, aangesien geen ekstra uitgawes betrokke is nie.
- Polisiebeamptes presteer op die verlangde vlak van die organisasie.

(Enige 2 × 1)

Kopiereg voorbehou

Nadele van indiensopleiding

Enige TWEE van die volgende:

- Die indiensopleier/-afrigter/-instrukteur moet as sodanig opgelei wees. Indien nie, sal opleiding nie die behoorlike standaarde bereik nie.
- Die druk van daaglikse werk kan ’n uitwerking hê op die tyd wat aan indiensopleiding bestee word.
- Die gehalte van opleiding is nie noodwendig op die verlangde peil nie.
- Opleiding aan die opleier wat beamptes in diens moet oplei, skakel nie noodwendig swak opleidingsgewoontes van die opleier uit nie. (Enige 2 × 1) (2 × 2) (4)

[16]

VRAAG 6

6.1 Aantekening aan die nasiener: Enige TWEE van die volgende:

Dit is ’n fiksheidstoets wat polisiebeamptes help om sommige van die fisieke aspekte van polisiëring uit te voer, bv naelloop oor 120 m, klim oor ’n 1,8 m-muur en dra van ’n pop wat 30 kg weeg oor ’n afstand van 30 m. (1 × 2) (2)

6.2 Aantekening aan nasiener: Laat studente se eie interpretasie toe.

Vigilantisme kan as twee tipes strukture voorkom, naamlik:
1. In die een struktuur kom vigilantisme voor waar die gewone stelsel van reg, veiligheid en sekuriteit afwesig of oneffektief is.
2. In die ander struktuur kom vigilantisme voor as ’n struktuur wat parallel met die gewone stelsel is. In hierdie geval kan die beamptes van die gewone stelsel (bv die polisie) nou met die vigilantebewegings saamwerk. (2 × 2) (4)

6.3 Aantekening aan die nasiener: Enige TWEE van die volgende:

Operasionele planne

Operasionele of bedryfsplanne se fokus is eng en word vir die kort termyn deur bedryfsbestuurders geformuleer.

Daar is twee tipes operasionele of bedryfsplanne, naamlik:
- *Roetineplanne,* wat geformuleer word vir herhalende aktiwiteite soos ’n standaardplan vir padblokkades.
- *Eenmalige planne,* wat vir nieherhalende of behoeftegebaseerde aktiwiteite geformuleer word (soos en wanneer vereis), byvoorbeeld ’n spesifieke misdaadoperasie. (Enige 2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

6.4 Aantekening aan die nasiener: Dit is toegepaste teorie in praktyk – dus kan jy punte vir logies korrekte antwoorde toeken. 'n Maksimum van TWEE punte kan vir hierdie vraag toegeken word.

Maslow se hoërorde-behoeftes

Hoërorde-behoeftes	**Selfverwesenlikingbehoeftes**	**Volledige ontwikkeling van potensiaal**
	Eiewaarde	Sukses Erkenning deur andere
	Sosiale behoeftes	Liefde Vriendskap Aanvaarding

(Enige 2 × 1) (2)

6.5 Aantekening aan die nasiener: Enige TWEE van die volgende:

Sonder enige voeding sal jy doodgaan. Mense, diere en plante het almal voeding nodig om te oorleef. Jou liggaam sal nie die voedingstowwe/nutriënte hê wat dit benodig vir noodsaaklike funksies wat op die vlak van jou selle en organe plaasvind nie. Jou liggaam breek die voedingstowwe/nutriënte af wat jy inneem en gebruik dit om selle en weefsels te vorm en herstel. Hierdie proses staan as metabolisme bekend. Sonder voedingstowwe/nutriënte kan metabolisme nie plaasvind nie.

(Enige 2 × 1) (2)

6.6 6.6.1 Jy het oor die 1 m hoë hindernis gespring sonder gebruikmaking van die sykant ('sideways').

6.6.2 Die 70 m-naelloop word tot by die eindstreep voltooi.

(2 × 1) (2)
[14]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 Aantekening aan die nasiener: Enige VYF van die volgende:

Polisiemag

Polisiemag verwys na die toepassing van die reg.

- Die polisiediens dwing die reg af deur oortreders in hegtenis te neem en misdade te ondersoek.
- Die gebruik van polisiegeweld is van nature negatief en word as straf gebruik.
- Die polisiediens beoordeel homself op grond van doeltreffendheid, wat gemeet word volgens arrestasiestatistieke of inkomste wat deur middel van verkeersboetes gegenereer word.
- Polisiebeamptes in 'n polisiemag staan dikwels bekend as wetstoepassingsbeamptes.
- Die polisie werk volgens reëls en regulasies wat streng toegepas moet word, en doeltreffendheid word gemeet na aanleiding van hoe hierdie reëls en regulasies toegepas word.
- Daar is baie min geleentheid om diskresie te gebruik.
- *Polisiemag* verwys ook na 'n militêragtige onderdrukkende mag.

(Enige 5 × 1) (5)

7.2 Aantekening aan die nasiener: Enige VYF van die volgende:

Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Polisiediens

Die lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens verbind hulle tot die skepping van 'n veilige en geborge omgewing vir alle mense in Suid-Afrika deur:

Handeling in Gedragskode	Toepassing in scenario
• deelname aan pogings wat daarop gerig is om die oorsake van misdaad te hanteer	Die polisie is oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande neem.
• optrede te voorkom wat die veiligheid of sekuriteit van enige gemeenskap bedreig	Versterkings is ontbied en die situasie is daarna beheer. Die paramedici is ontbied.

• misdadige optrede te ondersoek wat die veiligheid of sekuriteit van die gemeenskap in gevaar stel, en die daders voor die gereg te bring	'Ek waarsku lede van die gemeenskap wat polisiegesag verontagsaam dat die polisie sal optree om hul eie asook die gemeenskap se veiligheid en sekuriteit te verseker en oortreders aan die pen te laat ry. Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande neem.'
Deur ons hiertoe te verbind, sal ons te alle tye:	
Handeling in Gedragskode	**Toepassing in scenario**
• die behoeftes van die gemeenskap in ag neem	Die polisie is oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande neem. 'Die ontwapening van polisielede sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry.'
• die behoeftes van die Suid-Afrikaanse Polisiediens as die werkgewer erken	Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem.
• op alle vlakke met alle belanghebbende partye in die gemeenskap en die staat saamwerk	Versterkings is ontbied en die situasie is daarna beheer. Die paramedici is ontbied.
• die Grondwet en die reg handhaaf	Die polisie is oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna beheer. Die paramedici is ontbied.

Ten einde ’n veilige en geborge omgewing vir al die mense van Suid-Afrika te skep, onderneem ons om:	
Handeling in Gedragskode	**Toepassing in scenario**
• met integriteit op te tree om ’n effektiewe diens van ’n hoë standaard te lewer wat vir almal toeganklik is, en voortdurend daarna te streef om hierdie diens te verbeter	Die polisie is oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna beheer. Die paramedici is ontbied.
• alle beskikbare hulpbronne verantwoordelik, doelmatig, kostedoeltreffend en optimaal te benut	Die polisie is oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna beheer. Die paramedici is ontbied.
• tot die heropbou en ontwikkeling van, en versoening in, ons land by te dra; en fundamentele regte van elke persoon in stand te hou en te beskerm	Die polisie is oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna beheer.
• op te tree op ’n manier wat onpartydig, beleefd, eerlik, respekvol, deursigtig en aanspreeklik is	Die polisie is oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna beheer. Die paramedici is ontbied.
• die bevoegdhede wat aan ons verleen is op ’n verantwoordelike en beheerde wyse uit te oefen	Die polisie is oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna beheer.
• daarna te streef om enige vorm van korrupsie te voorkom en plegers daarvan voor die gereg te bring	Die polisie is oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna beheer.

(Enige 5 × 1) (5)

7.3 Aantekening aan die nasiener: Enige TIEN van die volgende:

McClelland se model van verworwe behoeftes.

McClelland se teorie bepaal dat mense deur prestasie, affiliasie of mag aangespoor word en dat hulle gemotiveer sal wees om vir die bereiking van daardie behoefte te werk.

Die behoefte om te presteer dek ook die behoefte om in die werksplek uit te blink.

- Mense wat deur hierdie behoefte aangevuur word, word gemotiveer deur ’n gebrek aan roetine, uitdagende take en duidelik omskrewe en haalbare doelwitte.
- Hulle verkies vinnige en gereelde terugvoering op hul werkverrigting.
- Hulle behoort voortdurend aan toenemende verantwoordelikheid in nuwe tipes werk blootgestel te word.
- Die behoefte aan affiliasie verwys na die begeerte na vriendskaplike en hegte interpersoonlike verhoudings.
- Hierdie individue word aangespoor wanneer hulle in spanne werk.
- Hulle word ook gemotiveer wanneer hulle waardering en erkenning van hul bestuurders ontvang.
- Hulle verkry meer tevredenheid daaruit om in ’n span met ander mense saam te werk as uit die werk self.
- Mense met ’n behoefte aan gesag/mag verkies werk waar hulle in ’n posisie sal wees om die handelinge van ander mense te bestuur.
- Hulle verkies mededingende en statusgeoriënteerde situasies. Navorsing dui daarop dat ’n sterk behoefte aan gesag/mag ’n vereiste vir bestuursdoeltreffendheid kan wees. (10 × 1) (10)

7.4 Aantekening aan die nasiener: Enige TWEE van die volgende:

Hoe om dehidrasie tydens oefensessies te voorkom

Wanneer jy opleidingsoefeninge doen, produseer jou liggaam sweet. Sweet help om jou liggaam af te koel en ontslae te raak van afvalprodukte wat deur die verbranding van energie veroorsaak word. Sweet veroorsaak egter ook dat jou liggaam baie water verloor. Dit is dus belangrik om genoeg water te drink terwyl jy oefen.

As jy tydens oefening gedehidreer raak, sal jou werkverrigting daaronder ly. Jy sal siek voel, wat jou fokus weg van jou oefening sal neem. Jou hartklop sal ook versnel, wat jou moeër sal laat voel en jou sal dwing om die intensiteit van jou oefening te verminder. Jou liggaam sal ook sukkel om sy temperatuur te reguleer. Jy kan hitte-uitputting of sonsteek opdoen. (2)

7.5 Die bronne van koolhidrate vir ’n gesonde dieet.

Enige DRIE (3) van die volgende:

- Brood
- Aartappels
- Pasta
- Rys
- Graan (soos koring/hawermout)
- Peulgewasse (soos lensies/boontjies)
- Pap
- Mielies
- Botterskorsie
- Pampoen (Enige 3 × 1) (3)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Aantekening aan die nasiener: Enige VYF van die volgende:

Beginsel van polisieaanspreeklikheid en -onafhanklikheid

Hoewel die polisie mag besit, is hulle teenoor die gemeenskap aanspreeklik vir hul handelinge.

Oor die algemeen kan ons sê dat die polisie:

1. Aanspreeklik teenoor die reg is (die polisie kan nie bo die reg verhewe wees nie)
2. Verantwoordelik vir die veiligheid en sekuriteit van alle mense in Suid-Afrika is
3. Verplig kan word om rekenskap van hul beleide en handelinge te gee aan diegene wat ’n regmatige belang daarby het.

Politieke aanspreeklikheid en die politieke afhanklikheid van die polisie lei soms tot ’n ongemaklike verhouding. Daar was grootskaalse politieke inmenging in polisiëring tydens die apartheidsera. (Enige 5 × 1)

Dit is belangrik dat die proses van aanspreeklikheid verseker dat die polisiediens verantwoordelik optree ingevolge sy mandaat en die regte van die mense. Verskeie maatreëls in Suid-Afrika maak dit moontlik om aanspreeklikheid en onafhanklikheid uit te balanseer.

Kopiereg voorbehou

Sommige van hierdie reëlings is:

a) Die rol van die minister is om leiding aan die polisie te gee.
b) Die rol van die Nasionale Kommissaris is om die Suid-Afrikaanse Polisiediens te bestuur.
c) Daar word van die polisie verwag om aan verskeie oorsigliggame verslag te doen oor hul besluite en optrede tydens hul polisiëringstake in die land.

Slegs die polisie moet aan hierdie strukture of instellings verslag doen. Hierdie praktyk beklemtoon die polisie se onafhanklikheid.

Verskillende tipes oorsig en verantwoordelike strukture

TIPES OORSIG	**VERANTWOORDELIKE STRUKTURE**
Parlementêre oorsig	Die Polisieportefeuljekomitee ✓
Beleidsimplementering	Sekretariaat vir Polisie ✓
Gemeenskapsoorsig	Gemeenskapspolisiëringsforums ✓
Klagtes teen die polisie ✓	Die Onafhanklike Polisieondersoekdirektoraat ✓
Geregtelike oorsig	Die howe ✓
Menseregte-oorsig	Die Menseregtekommissie
Administratiewe oorsig	Die Openbare Beskermer Die Staatsdienskommissie
Finansiële oorsig	Die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR) ✓
Burgerlike samelewing-oorsig	Nieregeringsorganisasies (NRO's) ✓

(Enige 5 × 1) (5)

8.1.2 Aantekening aan die nasiener: Enige VYF van die volgende:

Die gebruik van geweld

Die omstandighede van ’n situasie bepaal of geweld (en hoeveel geweld) benodig word.

Dit beteken dat die gebruik van geweld deur die polisie formeel goedgekeur moet word. Gevolglik, indien die reg nie die geweld bekragtig wat deur die polisie gebruik word nie, is daardie gebruik van geweld onwettig. Dit beteken dat dit vir ’n polisiebeampte moontlik is om die wet te oortree.

Polisiebeamptes word nie toegelaat om geweld te gebruik as hulle die situasie daarsonder kan oplos nie. Byvoorbeeld, die polisie behoort nie vuurwapens te gebruik as hulle ’n ongewapende persoon in hegtenis neem vir winkeldiefstal nie. Daardie persoon kan nie op die polisie skiet nie. Al wat hulle dus moet doen, is om die persoon te boei.

Die polisie moet altyd wys dat die hoeveelheid geweld wat gebruik is, slegs genoeg was om hul doelwit te bereik. Die mate van geweld wat gebruik word, moet ook regstreeks verband hou met die mate van geweld wat teen die polisie ingespan word. Dit is dikwels vir die polisie nodig om geweld te gebruik, maar hulle moet dit nie gebruik as dit nie noodsaaklik is nie. Die polisie moet dit by die publiek inskerp dat hulle wel in staat is om geweld te gebruik as ’n manier om die reg af te dwing.

(Enige 5 × 1) (5)

8.2 Aantekening aan nasiener: Enige TIEN van die volgende. Laat studente se eie interpretasie toe.

Polisiediskresie

Dit verwys na die vryheid of die gesag van die polisie om besluite te neem terwyl hulle hul pligte uitvoer. Oor die algemeen beteken dit dat die polisie in ’n gegewe situasie kan kies:

a) Om op te tree of nie op te tree nie
b) Watter tipe optrede verlang word
c) Om in hegtenis te neem of om nie in hegtenis te neem nie

Daar is baie situasies waarin diskresie gebruik moet word. Om hierdie rede staan polisiediskresie soms bekend as ‘selektiewe wetstoepassing’. Dit is ’n belangrike onderwerp, omdat dit die lewensgehalte van burgers kan beïnvloed.

Diskresie is die oordeel wat ’n polisiebeampte in ’n spesifieke situasie uitoefen. In ’n demokrasie word diskresie gewoonlik aangemoedig. Die misbruik van diskresie word egter nie toegelaat nie. In ’n demokrasie beteken diskresie nie om ‘te doen wat ek wil nie’. Polisiediskresie in ’n demokrasie word altyd deur reëls gebind, soos die reg, polisiebeleid of gemeenskapsaanvaarding.

Kopiereg voorbehou

'Geregtelike diskresie' verwys na die voor die hand liggendste moontlikhede wat tot 'n polisiebeampte se beskikking is wanneer hy/sy in 'n situasie is wat die gebruik van diskresie vereis.

Die volgende is voorbeelde waar polisie volgens die reg diskresie mag gebruik:

a) Die polisie mag verseker dat 'n vermeende misdadiger in die hof verskyn deur daardie persoon in hegtenis te neem en hom/haar tot die volgende hofdag in 'n polisiesel aan te hou.
b) Die polisie kan die persoon ná inhegtenisneming op borgtog vrylaat, of hom/haar waarsku om op 'n spesifieke datum en tyd in die hof te verskyn, eerder as om die persoon in die sel aan te hou.
c) 'n Gearresteerde jeugdige kan in die sorg van sy/haar ouers of wetlike voog vrygelaat word.

Dit is enkele van die keuses tot die polisie se beskikking wanneer hulle 'n situasie hanteer.

Polisiebeleid bepaal hoe diskresie deur die polisie gebruik behoort te word. By baie vakansiebestemmings in Suid-Afrika, byvoorbeeld, het die polisie 'n beleid oor dronkbestuur wat effens van die beleid elders in die land verskil.

- 'n Persoon wat gevang word wat effens oor die spoedgrens bestuur, kan deur die polisie huis toe begelei word en 'n waarskuwing ontvang.
- Die gewone prosedure sou wees om die persoon in hegtenis te neem, maar gedurende vakansietye woon mense meer partytjies by. Die polisie kan dus, as die reg dit toelaat, hul diskresie gebruik.
- Aangesien die sterftesyfer op ons paaie gewoonlik oor die Kers- en Paasvakansie styg, word verskeie padveiligheidsveldtogte geloods. Die bekendste hiervan is die Arrive Alive-veldtog, wat daarop gerig is om die reg streng af te dwing. Die polisie kan ook zerotoleransie toepas in gevalle van verkeersoortredings en dronkbestuur. Die gemeenskap speel dikwels 'n regstreekse rol om polisiediskresie te beïnvloed.
- Indien 'n senior politikus wat hom/haar aan dronkbestuur skuldig maak nie aangekla word nie, kan die gemeenskap ontsteld wees oor wat hulle as voortrekkery kan beskou.
- Dieselfde persepsies geld op rassegrondslag: indien die gemeenskap die indruk kry dat polisiediskresie sekere rassegroepe bevoordeel, sal die publiek heftig daarop reageer. (Enige 10 × 1) (10)

OF

VRAAG 9

9.1 Aantekening aan nasiener: Enige TIEN van die volgende. Laat studente se eie interpretasie toe.

Die verwantskap tussen persoonlike etiek en professionele etiek:

Volgens Covey verteenwoordig die woord ‘etos’ ’n mens se persoonlike geloofwaardigheid, die geloof wat mense in jou integriteit en bevoegdheid het, en die vertroue wat jy daardeur inboesem.

Die waarheid is dat, indien geloofwaardigheid, integriteit, bevoegdheid en betroubaarheid die standaard van genoeg mense in ’n organisasie is, hierdie standaard die professionele beeld van die organisasie self sal word.
Die organisasie sal beskou word as geloofwaardig en betroubaar, en dat dit integriteit besit en bevoegd is.

Etos sal die groep beïnvloed waarvan die etiese polisiebeampte deel uitmaak en dit sal uiteindelik die polisiëringsberoep beïnvloed.

Histories was erkenning as ’n professie (soos mediese dokter of prokureur) van drie aspekte afhanklik, naamlik:

- ’n Spesifieke kombinasie van kennis, vaardighede en gesindheid (bevoegdheid, gespesifiseer deur ’n hoëronderwyskwalifikasie waartoe mense geredelik instem).
- ’n Ooreenkoms op grond van etiese standaarde (gewoonlik deur ’n raad van beroepslui in die professie bestuur).
- Gemeenskaps- (openbare) aanvaarding dat die gekose loopbaan inderdaad as ’n professie beskou kan word.
- Indien ’n mens redeneer uit die standpunt van ’n grondwetlike demokrasie ingevolge die oppergesag van die reg, behoort dit duidelik te word dat nie bloot enigiemand met (die beroep van) polisiëring vertrou kan word nie.
- Professionele etiek verwys na ’n stel reëls wat voorskryf hoe lede van ’n professie hulle behoort te gedra. (Enige 10 × 1) (10)

9.2 Aantekening aan nasiener: Enige TIEN van die volgende. Laat studente se eie interpretasie toe.

Die rol van georganiseerde arbeid in ’n polisiëringsomgewing

Arbeidsorganisasies en die polisie

Een van die implikasies van Suid-Afrika se post-apartheid-menseregtebedeling is die bevryding van die arbeidsverhoudingeomgewing in die polisie (Rauch & van der Spuy, 2006:39). Voorheen was dit verbode om tot vakbonde te behoort omdat die paramilitêre polisiekultuur nie voldoen het aan die konsep van kollektiewe bedinging en deelnemende bestuur nie.

Die totstandkoming van vakbonde

Tydens die vroeë 1990’s het vakbonde in die polisiëringsomgewing te voorskyn gekom. Vakbonde het begin onderhandel oor aangeleenthede waaroor daar voorheen deur polisiebestuur of departementele onderhandelings op sentrale regeringsvlak besluit is. In hierdie tyd het polisiebestuurders by plaaslike kantore hulle dikwels in ’n nuwe omgewing bevind sonder die vaardighede om konflike wat tussen hulself en personeel ontstaan het, te bestuur. Die vakbonde self was ook onervare en ewe onvoorbereid om van die arbeidsverhoudingeraamwerk in die land gebruik te maak.

Kollektiewe bedinging

Kollektiewe bedinging is ’n proses waarvolgens verteenwoordigers van arbeid en verteenwoordigers van bestuur onderhandel oor aangeleenthede (soos lone en werksomstandighede) in die organisasie. Dit is altyd ’n goeie ding in ’n grondwetlike demokrasie. Dit kan egter gebeur dat die debat oor ‘bestuursprerogatief’ (die reg van bestuur om uiteindelik besluite te neem) soms betrekkinge tussen arbeid en bestuur kan benadeel.

’n Billike grieweprosedure wat gebruik word soos voorgeneem, kan geskille besleg voordat dit versleg. Polisiestakings is onwettig, maar in Suid-Afrika se situasie, waarvolgens stakings ’n integrale deel van ons arbeidlandskap is, kan ons waarskynlik in die toekoms enkele kwessies verwag. (10)

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou